

Jode, en ons, is skuldig voor God

Romeine 2:17-29

11 Oktober 2026

1. Vantevore: God gaan definitief oordeel deur die Here Jesus. 4 Beginsels in die oordeel: (1) Gaan oor alle mense oordeel, (2) Gaan onpartydig oordeel, (3) Gaan dade oordeel, (4) Gaan regverdig oordeel. Die uitkoms van Sy oordeel is óf ewige lewe in heerlijkheid, eer en vrede; óf God se toorn en gramskap.
2. Rom 2:17-29 – fokus op die Jode, en ook op alle gelowiges. Sou kon dink: “God se oordeel sal tog nooit met ons gebeur nie!”
3. Vertroue in selfregverdiging (Rom 2:17-20)
 - i. Jode was baie trots op: Jood wees (v17), besit van God se wet (v17), verhouding met die Here (v17), kennis van God se wil (v18), onderskeiding van wat werklik saak maak (v18), kon leiding gee aan ander (v19)
 - ii. Wet is die beliggaming van kennis en waarheid – dus kosbare besitting vir Jode (v20)
 - iii. Jode het trots en selfvoldaan geword oor hulle voorregte
 - iv. Gelowiges loop dieselfde gevaar
4. Die dwaasheid van selfregverdiging (Rom 2:21-24)
 - i. Paulus rig vrae aan die Jode:
 - Onderrig hulle nie hulleself nie? (v21)
 - Indien wel, hoekom onderhou hulle nie die wet nie? (v21-22)
 - Steel hulle werklik nie?
 - Pleeg hulle werklik nie egbreuk nie?
 - Is hulle nie ook skuldig aan afgodery nie?
 - ii. Omdat Jode nie die wet onderhou nie, word God oneer aangedoen
 - iii. Is ons optrede as gelowiges in lyn met ons belydenis?
5. Vertroue in die besnydenis (Rom 2:25)
 - i. Jode het hulle beroem in hulle fisiese besnydenis – teken dat hulle uitverkore volk is
 - ii. Gelowiges wil hulle ook beroem in fisiese dinge – soos doop of nagmaal
6. Die dwaasheid om op die besnydenis te vertrou (Rom 2:25-29)
 - i. V25: Al is iemand besny, en hy onderhou nie die wet nie, word sy besnedenheid onbesnedenheid
 - ii. V26: Al is iemand nie besny nie, en hy onderhou die wet, word sy onbesnedenheid besnedenheid
 - iii. V27: Fisiese besnydenis en besit van die wet beteken niks in afwesigheid van gehoorsaamheid nie
 - iv. V28-29: Innerlike Jood = hartsbesnydenis = geestelik
 - Deut 30:6 – God besny harte, sodat die persoon wet kan hou, sodat hy kan leef (Jer 4:4 – die mens is ook aktief betrokke)
 - v. Iemand wie se hart besny is, sal lof van God ontvang (v29)
 - Jood = afstammeling van Juda, Juda beteken “prys” (vgl Gen 29:35, Gen 49:8)
 - In die oordeel sal die persoon wie se hart besny is, lof van God ontvang
7. Toepassing: Twee waarskuwings
 - i. Die gevaar van selfregverdiging – hartsbesnydenis is essensieel
 - ii. Die gevaar van formalisme – fisiese doop en nagmaal maak nie regverdig nie